Verkeersveiligheid

"Die lewe is té kort vir verkeer."
- Dan Bellack

Doelwit: *Om die Verkenner bewus te maak van die verantwoordelikheid en beginsels van 'n goeie padgebruiker.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Motorvoertuigongelukke en padwoede het deel van die alledaagse lewe geword. Deur die aanbied van die spesialisasie poog ons om die Verkenner toe te rus met genoeg kennis om beide te kan vermy. Sodoende sal die Verkenner sy Christenskap en positiewe burgerskap makliker kan uitleef.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Bewus wees van sy verantwoordelikheid as padgebruiker ten opsigte van die volgende:*
   - *1.1 Bedagsaamheid.*
   - *1.2 Gesondheidstoestand.*
   - *1.3 Vermoeidheid.*
   - *1.4 Alkohol, medikasie en verdowing.*
   - *1.5 Persoonlikheidseienskappe.*
   - *1.6 Antisipasie van moontlike probleemsituasies.*
2. *Die basiese beginsels in verband met die gedrag en plig van die motorbestuurder, motorfietsryer, fietsryer en voetganger ken ten opsigte van:*
   - *2.1 Verkeersregulasies.*
   - *2.2 Padverkeerstekens (reëlingstekens, gevaartekens, inligtingstekens, padverkeersmerke).*
   - *2.3 Verkeersgebruike (verbysteek, kruisings, sirkels, bestuurseine, stilhou, parkering, deurpaaie, snelheidsgrense, ongelukke).*
3. *Vertroud wees met die volgende vereistes van padwaardige voertuie:*
   - *3.1 Lisensiëring en registrasie.*
   - *3.2 Remme en ligte.*
   - *3.3 Stuur en toeter.*
   - *3.4 Buitebande.*
   - *3.5 Vensters, ruitveërs, truspieëltjies.*
   - *3.6 Veiligheidsgordels.*
4. *Vertroud wees met die voorskrifte vir die verkryging van 'n leerling- en permanente bestuurderslisensie vir 'n motorfiets en 'n ligte motorvoertuig.*
5. *Verkeersveiligheidsmaatreëls bespreek wat ten tye van die volgende moet geld:*
   - *5.1 Vertrek van 'n kommando per bus na 'n kommandokamp.*
   - *5.2 Stap van jeuglede langs 'n openbare pad.*
   - *5.3 Vervoer van Voortrekkers in 'n groep voertuie (konvooi) wat motors, sleepwaens en woonwaens kan insluit.*

5.4 Parkering en ontruiming van terreine tydens groot Voortrekkeraangeleenthede.
5.5 Begeleiding van jonger jeuglede tydens uitstappies waar daar van openbare vervoer en/of openbare paaie gebruik gemaak word.

6. *'n Praatjie deur 'n verkeersveiligheidsbeampte of 'n lid van die Verkeersveiligheidsraad bywoon waarin die volgende ter sprake moet kom:*
   6.1 Wetstoepassing ten opsigte van verkeersoortredings en padwaardigheid van voertuie.
   6.2 Oortredings wat algemeen in die Verkenner se omgewing voorkom.
   6.3 Veldtogte ter bevordering van verkeersveiligheid in die Verkenner se omgewing.

7. *Behulpsaam wees met die oordra van verkeersveiligheidsbeginsels aan jonger jeuglede (deur middel van byvoorbeeld die uitlê van 'n fietsbaan, of die ontwerp van 'n verkeersveiligheidspeletjie of vasvra vir jonger jeuglede of optrede as begeleiers tydens uitstappies waar verkeersveiligheidsbeginsels uitgeleef moet word, ensovoorts.)*

LITERATUUR

- *Gibson, C; Hoole, G; Passchier, B. 1995 – Slaag jou leerlinglisensie maklik. STRUIK*